

29 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 9:22-37

Fokusgedeelte: Nehemia 9:33

U was regverdig en ons verkeerd

Waarom was die teruggekeerdes uit ballingskap steeds nie vry nie, maar dienaars van die Persiese Ryk? Die God van die verbond herinner hulle deur die Leviëte aan die wet en lei hulle tot skuldbelydenis. Die rede vir die toestand waarin die volk hulle bevind het, word in vers 33 bely: *“In alles wat oor ons gekom het, was U regverdig; U het reg gedoen, ons verkeerd”*.

Die tweede deel van die gebed (22-37) bely dat God altyd regverdig was. By die vestiging in die beloofde land is magtige konings oorwin. ‘n Bewerkte land is aan die Israëliëte gegee. Tog het die volk opstandig geraak, ongehoorsaam, moordenaars van die Here se profete. Daarom het Hy hulle telkens aan hulle teëstanders oorgegee: in die rigertydperk sowel as onder die konings van Juda en Israel. In sy groot barmhartigheid het die Here telkens redders voorsien, maar elke keer is weer in sonde teruggeval.

In alles het God reg opgetree. Hy was bomenslik regverdig ten spyte van sy volk se herhaalde dwalinge en genadig wanneer hulle hulle bekeer het. Die strengste straf oor hulle sondes was die ballingskap. God het steeds getrou gebly en hulle weer in hulle land gevestig. Op ‘n uitsonderlike manier is die stad Jerusalem en die tempel herbou.

Ook ek en jy moet gereeld selfondersoek doen soos deur te vas. Selfondersoek moet ook in ons gemeentes en kerkverband gedoen word. Dan sal die genade van God skitter in Jesus Christus, al maak ons skuldbesef die verlede donker. Wie vorentoe saam met God wil bou, moet die verlede eers goed deurdink.

Sing: Psalm 81:13,15

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)